



**basic education**

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING**

**GRAAD 2**

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**STEL 2: 2012 MODELVRAE**

## RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

### 1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle vir Taal- en Wiskunde-onderrig saamgestel. Die voorbeeldvraestelle is op die kurrikulum gebaseer en strek oor die eerste drie kwartale van die skooljaar. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA). Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is slegs aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

### 2. Die struktuur van voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesser. Sommige van die inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Indien onderwysers en leerders dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar dieselfde ding vra, moet hulle verstaan dat dit opsetlik is en leerders moet op al die voorbeeldvraestelvrae reageer. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om toetse te konfronteer.

### 3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) vir graad R tot 12, die bepalinge van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Saam vorm hierdie dokumente, sowel as ander dokumente wat deur die skool voorsien kan word, 'n ryk bron van bronnemateriaal wat onderwysers in staat stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer (assessering van leer).

### 4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, beteken dit nie dat die onderwyser die hele stel net so aan die leerders moet gee om binne een sessie af te handel nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Kies sorgvuldig die afsonderlike voorbeeldvrae van die betrokke les of 'n hanteerbare hoeveelheid vrae en gebruik dit tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg:

- 4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd te verloor nie.
- 4.2 Gedurende die les as 'n kort informatiewe toets om te assesser of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les ontwikkel en verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

- 4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.
- 4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK) te beantwoord, oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit om 'n volwaardige toets te wees, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is egter belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets.

## 5. Memorandum of riglyne vir antwoorde

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte respons (memorandum) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets-antwoorde gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die memorandum geensins rigied is nie. Die memorandum gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

## 6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en slegs van toepassing op die werk wat in die eerste drie kwartale van die skooljaar behandel word. Die tempo waarteen die werk in sekere kwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklarings (NKABV).

## 7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter, dieselfde bly of verswak. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets gebruik te maak as deel van die onderwys hulpmiddels, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende vorms en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis en vaardighede bekom om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Asseseringstoetse.

**Lees die storie. Beantwoord die vrae.**

Sipho het Saterdag sokker vir die onder 9-span gespeel. Sy skool het teen 'n ander skool gespeel. Sy ma, ouer broer, Themba, en 'n jonger sussie het na die wedstryde kom kyk. Thabo was baie opgewonde.

Die wedstryde het stiptelik om 9 uur begin. Sipho het drie doele aangeteken. Sy vriend, John, het slegs een doel aangeteken. Sy span het hulle wedstryd gewen. Sipho het 'n spesiale prys ontvang

Sy ma het gesê dat hy baie goed gespeel het. Sy het hom 'n drukkie gegee. Na ete is hulle huis toe. Op pad huis toe het sy ma vir hom 'n nuwe sokkerbal gekoop. Sy was baie trots op hom. Sipho was baie gelukkig.



1.1 **Kies die regte antwoord. Jy moet die antwoord onderstreep.**

(John/Sipho/Tom/Themba) het drie doele aangeteken.

1.2 **Vertel wat die karakter gedoen het.**

John het ..... aangeteken.

1.3 **Voltooi die sin.**

Themba is Sipho se

.....

1.4 **Omkring die regte antwoord.**

Sipho se ma was trots op hom, want hy was 'n goeie ...

A rugbyspeler.

B tennisspeler.

C sokkerspeler.

D krieketspeler.

1.5 **Wys die volgorde van gebeure in die storie.**

**Nommer die sinne van 1 tot 4.**

A	Hy het 'n nuwe sokkerbal gekry.	
B	Die wedstryde het om 9 uur begin.	
C	Hy het 'n spesiale prys ontvang	
D	Hy het drie doele aangeteken.	

2.1 **Skryf die regte antwoord.**

Sipho het 'n spesiale prys ontvang omdat .....

2.2 **Voltooi die sin.**

Hy was baie opgewonde oor .....

### 2.3 Omkring die letter met die regte antwoord

Sy ma het vir hom 'n nuwe sokkerbal gekoop omdat ...

A	syne oud was.
B	sy trots op hom was.
C	dit sy verjaarsdag was.
D	hy een wou hê.

### 2.4 Antwoord slegs Ja of Nee

Het Sipho 'n spesiale prys ontvang omdat hy vier doele  
aangeteken het?

.....

**Kies die regte antwoord. Trek 'n kruisie (X) oor die  
regte antwoord.**

Sipho het (meer/minder) doele as John aangeteken.

3.2 **Voltooi die sin.**

Sy sokkerwedstryd begin om .....

3.3 **Wat dink jy het Sipho se pa vir hom gesê?**

.....

3.4 **Kies die regte antwoord Jy moet die antwoord onderstreep.**

Hulle gaan (gedurende/voor/na) middage te huis toe.

3.5 **Omkring die letter met die regte antwoord.**

Themba is Sipho se ...

- A neef.
- B vriend.
- C broer.
- D pa.



4. Kyk na die advertensie en beantwoord die vrae.


# Vandag se spesiale middagetete

**R3**



A

**R8**




B

**Kry albei vir R10**

4.1 **Kyk na die advertensie. Skryf die byskrifte vir vandag se spesiale middagete in die blokkies neer.**

A



B



4.2 **Hoeveel sal dit kos as jy die worsbroodjie en die skyfies koop?**

.....

4.3 **Sal jy die spesiale middagete koop?**

.....

**Hoekom sê jy so?**

.....

4.4 **Vul die ontbrekende woorde in.**

Vandag se spesiale aanbiedinge is .....

.....

4.5 **Skryf 3 tot 4 sinne oor wat jy graag vir 'n spesiale middagete wil hê. Hoeveel sal dit kos?**

.....  
.....  
.....  
.....

5.1 **Skryf die kleinletters.**

b            p            g            j  
h            f

5.2 **Skryf die hoofletters.**

B            P            G            J  
H            F

5.3 **Ontwerp 'n uitnodigingskaartjie na jou verjaarsdag.**

**Gebruik die volgende woorde:**

Aan:

.....

Jy word uitgenooi na:

.....

Tyd: .....

Plek: .....

Van: .....

Hoop om jou daar te sien!

5.4 **Skryf die volgende sin korrek oor.**

Sipho speel graag sokker.

Hy skop graag die bal

Sokker is baie pret!

.....

.....

.....

6. **Skryf die sin oor. Vul die ontbrekende leestekens in.**

6.1 haar naam is Janet

.....

6.2 hoeveel doele het hy aangeteken

.....

6.3 mamma het appels sap en toebroodjies ingepak

.....

7. **Gebruik die verlede tyd en die teenwoordige tyd korrek.**

7.1 **Trek lyne en pas die teenwoordige tyd by die verlede tyd:**

hardloop                      het gegee

speel                            het gehardloop

gee                                het gesien

sien                                het gespeel

7.2 **Gebruik die woorde in die blokkie om die sinne te voltooi.**

gekoop	was
--------	-----

Mamma het vir hom 'n nuwe sokkerbal .....

Sipho ..... baie gelukkig.

**7.3 Skryf die sin oor in die teenwoordige tyd.**

Gister het hulle na die wedstryd gekyk.

Vandag .....

**7.4 Skryf 'n sin met elkeen van die woorde.**

het gehardloop .....

.....

het gesien .....

.....

**7.5 Lees die sin. Omkring die regte woord.**

Gister het hulle roomys na die wedstryd  
(eet/geëet).

**8. Kies die woord wat reg gespél is.**

**8.1 Skryf die sin oor. Gebruik die woord wat reg gespél is.**

Mamma (brei/bry) vir my 'n trui.

**8.2 Omkring die regte woord.**

Ek moet elke dag die kombuis (vee/fee).

8.3 **Trek 'n kruisie (X) oor die regte spelling van die woord.**

Die appel is baie (hart/hard).

8.4 **Onderstreep die regte spelling van die woord.**

Mnr. Mandela is 'n baie (ryk/ruik) man.

9. **Kies die regte woord.**

9.1 **Onderstreep die woord wat dieselfde beteken as**

**bang.**

hartseer/kwaad/bekommerd/beangs

9.2 **Onderstreep die woord wat dieselfde beteken as**

**gelukkig.**

kwaad/bly/ongelukkig/woedend

9.3 **Omkring die woord wat die teenoorgestelde is van**

**lank.**

groot/klein/hoog/kort

9.4 **Vul die regte antwoord in.**

Die teenoorgestelde van af is .....

10. Skryf 'n storie of iets wat met jou gebeur het.

10.1 Skryf 4 tot 5 sinne oor wat jy die naweek gedoen het.

.....  
.....  
.....  
.....  
.....


10.2 Skryf 4 tot 5 sinne oor die prentjie hieronder.



.....  
.....  
.....  
.....  
.....



10.3 Skryf een sin oor elke prentjie hieronder.



.....



.....



.....



.....

10.4 **Skryf oor jou week by die skool.**

**Begin elke sin met die volgende woorde.**

Maandag .....

Dinsdag .....

Woensdag .....

Donderdag .....

Vrydag .....